Dit is seker die seerste seer
Om nog weer ‘n keer
Toe te kyk
Hoe iemand se lewe wyk
hoe ‘n persoon swakker raak
Al probeer jy daarteen waak
Niks wat jy kan doen
Jy voel soos ‘n vrot pampoen
Jy kan elke dag sien
Wat daai persoon nie verdien
Hoe die ganse lewe
en die lus om te lewe
verder wegkwyn
soos mistigheid verdwyn
jy kan sien die seer
deur leë oë en die siel verteer
staar na jou maar
jou nie regtig raaksien
dit kan nou maar
‘n slag einde kry en miskien
Wonde genees of
‘n gebreekte gees
Kan die liewe so wreed wees
Veroorsaak net pyn in hart,
Siel en gees...

-Andre-